Jy is genoeg! | 6 Augustus 2023 | Ds. Tiesie de Coning

kringe@moreleta.co.za

Inleiding

Ons waardigheid of minderwaardigheid hoef nooit weer 'n vraag of vrees te wees nie. Want as die Here Jesus vir my genoegsaam is, dan is ek goed genoeg. Ek is alleen goed genoeg wanneer God goed genoeg is en as ek weet dat Sy genade genoeg is. Tussen my en my swakheid en tussen my en my minderwaardigheid staan daar 'n Kruis. Die buitengewone God maak die onmoontlike moontlik wanneer daar mense is vir wie God genoeg is. Sulke mense leef met 'n verwagting. Wanneer ons God in ons lewens ontdek kan dit beweeg van sleg, nie-goed genoeg na goed genoeg. Goed genoeg mense is mense wat weet dat God deur gewillige gewone mense werk.

Wenke vir leier

- Let op na jou Kring se emosionele welstand en maak seker dat almal werklik weet hulle is goed genoeg agv Jesus Christus se Kruisdood.

Lees saam

2 Kor 12:8-9
2 Kon 5:1-6
Gen 29:16-31
Luk 8:1-3
Joh 20:1-2

Gesels saam

- Wat beteken goed genoeg ten diepste? Maak ander se opinies of etikette werklik saak?
- Gaan goed genoeg net oor wat Christus vir ons gedoen het? Of is dit ook in sterkste geanker in wie Hy is?
- Wie is Christus en wat moet ek van Hom ontdek om te weet dat ek goed genoeg is?
- As ons ander toelaat om vir ons te sê wie ons is en wat ons nie kan doen nie, wat is die gevolg daarvan? In watter mate beperk ons die werk van die Skepper God en die Heilige Gees as die herskepper Sy werk in ons lewens?

Doen saam

1. Laat elke persoon vertel (as hulle gemaklik is) waar hulle nie goed genoeg gevoel het nie.
2. Deel in jou kring met mekaar getuienisse van hoe jy iemand kon help om hul waarde in Jesus Christus weer kon besef.
3. Wees sensitief die week vir iemand wat nie goed genoeg voel nie waar ons kan deel van Jesus se genade en identiteit en gee terugvoer volgende week daarvan.

Bid saam

Bid spesiaal vir elke vrou in julle kring.

Bid dat almal sal besef dat ons waardig genoeg is en dat ons as gewone mense goed genoeg is om Jesus se werk voort te sit.

Bid dat die Here iemand op elkeen se pad sal sit wat voel hulle is nie goed genoeg nie en ons dan die Goeie nuus mee kan deel.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035